XHARIEP DISTRIK

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 12

DISTRIKSVRAESTEL

VRAESTEL 3

JUNIE 2012

PUNTE: 100

TYD: 2 ½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A: Opstel	(50)
AFDELING B: Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C: Korter teks: Transaksioneel/naslaan-/ informatief	(20)

2. Beantwoord **EEN** vraag uit **ELKE** afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin **ELKE afdeling** op 'n **NUWE** bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n kopkaart/diagram/vloeidiagram/sleutelwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet **VOOR** die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik:

   - 80 minute vir AFDELING A
   - 40 minute vir AFDELING B
   - 30 minute vir AFDELING C

8. **Nommer elke skryfstuk** soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.

9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik bo-aan die finale
- skryfstuk/teks aan.

1.1 Sy/haar stem bewe steeds wanneer hy/sy van dié dag vertel.

OF

1.2 **Maanlignag**…

OF

1.3 Suid-Afrika se grootste bate is ons natuur.

OF

1.4 *“Ek dink aan jou as die jakaranda kleur”*

[Pieter Smit uit die liedjie *Soms*]

OF

1.5 Nou moet die eksamen kom, want ek is SO reg vir die grootmenswêreld!

OF

1.6.1



[Uit: *WEG*; Junie 2009]

OF

1.6.2

1.6.3

[UIT: *Google Images*, 2012]

OF

1.6.4

[UIT: *Google Images*, 2012] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.

2.1 ’N VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou beste vriend/vriendin praat die afgelope paar dae glad nie meer met jou wanneer julle mekaar raakloop nie. Jy vermoed hy/sy is kwaad vir jou oor iets, maar kan nie jou vinger op die probleem plaas nie. Jy weet egter dat jy ’n paar dae gelede iets gesê het wat jou vriend/vriendin kon ontstel.

Skryf ’n brief waarin jy agter die kap van die byl kom en probeer die ongemaklike atmosfeer tussen julle regstel.

OF

2.2 ’N FORMELE BRIEF

- ***Afrikaans word al minder op televisie gehoor***.
- ***Programme in Afrikaans is skaars***.

Skryf ’n brief aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie waarin jy jou besorgdheid hieroor uitspreek. Doen voorstelle aan die hand oor hoe hierdie saak reggestel kan word.

Rig jou brief aan:

Die Programbestuurder
Afrikaanse Programdienste
Privaatsak X3413
Aucklandpark
Johannesburg
2000

OF

2.3 ’N HULDEBLYK

Die redakteur van julle skoolkoerant het jou, as bekende oudleerder van jou skool, gevra om ’n huldeblyk te skryf oor een van die skool se onderwysers.

OF

2.4 **'N FORMELE VERSLAG**

Bestudeer die bostaande prent en skryf dan 'n ooggetuie-verslag vir die verkeers-polisie in jou dorp wat die ongeluk moet ondersoek. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN-/INFORMATIEF

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik by die finale skryfstuk/ teks aan.
- Grafiese ontwerp mag gebruik word, maar dit tel nie punte nie.

3.1 **'N DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het aan die einde van jou skoolloopbaan gekom en dink met heimwee en ook 'n tikkie humor en leedvermaak terug aan die twaalf lange jare van skoolgaan. Beskryf in jou dagboek jou gevoelens, asook die belangrikste lesse wat jy tot dusver in jou lewe geleer het.

3.2 **AANWYSINGS**

Jy wil ’n studiegroep vorm om vir oulaas die letterkunde voor die eksamen te hersien. Skryf vir die belangstellendes AANWYSINGS van jou skool na jou huis toe neer, sodat julle saam kan voorberei.

3.3 **’N PLAKKAAT**

Jy het onlangs ’n klub begin waarmee jy beoog om tieners se balans en positiewe uitkyk op die lewe te verbeter. Ontwerp ’n **plakkaat** waarin jy meer besonderhede oor jou klub gee vir tieners wat sou belangstel om as lid aan te sluit. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100